


LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD**Sondag 15 April 2012**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Skrifberyming 2-4:1 & 3		Psalm 103:1 & 2	Bl.504
2.	Psalm 119:12 & 6	Bl.585	Psalm 20:1,2,3,4	Bl.90
3.	Psalm 34:1, 4 & 5	Bl.166	Skrifberyming 11-3:1 & 10	
4.	Psalm 146:1 & 3	Bl.700		

BYBELSTUDIEGROEPE**SONDAG 15 April 2012**

- **19:00-20:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

WOENSDAG 18 April 2012

- **10:00-11:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- **18:00-19:00** in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

SUSTERS VERGADERING WOENSDAG, 11 APRIL 2012

Die susters het die afgelope Woensdag 'n heerlike kuier aand in die vorm van 'n "High Tea" in die saal gehad. Die fynste broodjies, kaaskoek en tertjies is bedien.

Martie Venter en Rina van den Berg, in die vorm van twee "oujongnoui tantes", het ons aand opgeluister met die vertelling van hul eensame lewe. Die volgende vergadering van die susters is op Woensdag, 9 Mei 2012 DV en die spreker is mev. Marina van der Linde wat gaan praat oor **persoonlikheidstipes** en hoe dit jou kan help om jou gesinslede beter te begryp. Ons vra soveel as moontlik susters om dit by te woon. (Bets de Lang)

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 15 April 2012

Nommer 11

VALS SKAAMTE : PUBLIEKE OPINIE

Mense het nie probleme om sterk standpunt in te neem as hulle eie saak benadeel word nie. Vir die goeie naam van jou ouers en jou kinders sal jy selfs in 'n leeu kuil spring. Om jou huis en jou goed en jou veiligheid te beskerm bestee jy maklik duisende rande, en niks is inderwaarheid vir jou te veel nie.

Dan kom die geweldige kontras! Jy beskerm en verdedig nie naastenby met dieselfde passie die Naam van God en die bestaan van God se Koninkryk nie.

- ❖ Hoeveel keer word God se Naam in jou teenwoordigheid gelaster of misbruik, sonder dat jy 'n oog daaroor knip? Luister net oor die TV hoe God se Naam misbruik word as uitroepwoord!
- ❖ Wat word nie alles bedink om die koninkryk van God skade aan te doen nie, en jy swyg in duisend stiltes sonder om aksie te neem.
- ❖ Watter gelowige span sy geloofspiere in om 'n stem te laat hoor teen lotery, dobbelary, pornografie, Sondagsontheiliging, miskennening van God se wet, vloektaal, swetstaal, ens., ens., ens.

Dit is alles dinge wat God se Koninkryk skade aandoen, middele in die hande van die Satan om God se koninkryk tot 'n val te bring. En uit skaamte, onbeholpenheid, ongeërgdheid doen jy absoluut niks daaraan nie, want jy wil nie die **publieke opinie** uitdaag nie! Na Jesus se opstanding uit die dood het die dissipels in angs vir hulle veiligheid gaan wegkruip agter slot en grendel (Joh. 20:19). Toe die Heilige Gees egter in hulle harte uitgestort is, het hulle met vrymoedigheid die boodskap van Christus verkondig (Hand. 4:3). Skiet ons in alles dalk te kort aan gehoorsaamheid aan die Heilige Gees? Elke gelowige moet opnuut sy lewensprioriteite vasstel in die lig van sy Christelike roeping! As kinders van die hemelse Vader moet ons sy Naam heftig en met oorgawe verdedig as mense dit na willekeur laster en misbruik.



PREKE VANDAG



Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: **WIE IS MY NAASTE?**

Lees: Lukas 10:25-37

Teks: Lukas 10:29

Voordat ons nog begin vra wat dit beteken om ons naaste lief te hê soos onself, vra ons al, wie is my naaste? Is die bedelaar op straat vir wie ek uit skuldgevoel maar 'n paar muntstukke in die hand stop my naaste? Is my Moslem bure my naaste? Of is my naaste dalk net mede-Christene of selfs net die lidmate van dieselfde gemeente as ek? Nou gewoonlik as ons met hierdie vraag te doen kry, dan antwoord ons dit uit hierdie gedeelte wat ons vanoggend gelees het. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Maar antwoord ons noodwendig reg...?

Aanddiens Tema: **CHRISTUS IS MY TROOS**

Lees: Matteus 5:3-12

Teks: Romeine 5:4

As ek my sonde begin ken en die genade van Christus begin ken, dan moet ek treur oor my sonde, dan moet my hart stukkend in my wees. Maar dit is ook nooit 'n treur sonder hoop nie. Hierdie is nie 'n verskoning om in 'n swart gat van ontroosbaarheid te verval nie. Want in die teenwoordigheid van Christus het ons ook troos. Hy is ons troos.

SKOOLVERLATERSKAMP

Tussen 8 en 13 Julie vind die skoolverlaterskamp te Nooitgedacht plaas. Meer inligting sal later beskikbaar wees.

SEEKAMP

Klasses Suid-Vrystaat en Karoo-Kei bied weer hulle jaarlikse see kamp aan vanaf 30 Maart 2012 tot 3 April 2012. Ons vertrek op die 30ste om 12:00 vanaf die Gereformeerde Kerk Bloempark en volg dan die N6 roete tot in Oos-Londen waar ons by "Lekkeroord" sal tuis gaan. Tema: Hey, wat's jou storie? Koste: R870 = sluit vervoer verblyf en etes in (Indien jy in die Oos-Kaap bly en met eie vervoer soontoe gaan, is die kostes net R480)

Ons gaan ook twee spesiale spanbou pogings aanbied wat op die oomblik blyk kajak vaar en snorkel te wees.

Hendrik Stoltz Tel. 051 522 7166 Sel. 083 280 2091

hjstoltz@telkomsa.net Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suidheuwels

WWESSKAMP

Werkende Wesens en Senior Studente, met ander woorde, jong mense wat reeds uit die skool is. Hierdie kamp word jaarliks in die Drakensberge naby die Drakensberg se Seunskoor gehou. Hierdie jaar is dit 26-29 April en die tema is: "Liewer dooie Jan is bang Jan. Die strekking hiervan is, wat bepaal jou optrede, vrees of die liefde en teenwoordigheid van die Here in jou lewe.

Almal is baie welkom. As jy meer inligting wil hê skakel my by 082 975 2745 of stuur 'n e-pos na apdejager@gmail.com



6. **SIMBAAL 15 April 2012**

SUSTERSAAMTREK



Die landswye Susterssaamtrefke vir 2012 was vir Noordwes op Saterdag, 12 Maart 2012 in die Gemeentesentrum van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp. By die aankoms van die susters is 'n Bessie ontbyt bedien en Espresso koffie deur Dr. Jan Lion-Cachet self gemaak! Op die wyse het 'n wonderlike dag van samesyn met Gereformeerde susters begin.

Dr. Maryn Botha het gepraat oor “Gelowige Vrou in die hande van die Pottebakker”. Ons het geestelike “strekoefeninge” gedoen en elkeen het weer besef dat ons moet vashou aan God en hoe ons daaglik ons lewe aan God moet wy.

Slegs 11 susters van Klerksdorp-Noord het die saamtrefk bygewoon.

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult het die susters uitgenooi na volgende jaar se saamtrefk. Daarna is die susters trakteeer op 'n heerlike noenmaal op swart/grys/wit en silwer versierde tafels. As “geskenk” het elke suster 'n pragtige serp ontvang wat as deel van die versierings om elke stoel vasgebind was asook 'n boksie met Bybelversies in.

Soos dit met elke saamtrefk die geval is, was dit 'n heerlike oggend en ons wil al die susters van die gemeente aanmoedig om dit volgende jaar by te woon. As jy een maal daar was versit jy berge om dit weer by te woon! (Bets de Lang)



VRYWILLIGERS BENODIG



- ◇ As u belangstel om op 'n gereelde basis **HOSPITAALBESOEK** te doen, meld asseblief aan by ds. André de Jager.
- ◇ As u graag met kinders werk, is u welkom om Hanlie Mocke of Martie Venter te skakel. Daar is dringend hulp nodig om die jonger kinders in Huis 3, Rethabile Kinderhuis te help met lees.



SIMBAAL 15 April 2012

3.

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds. GC Coetzee van Nigel na Standerton.
- Ds. TF Dreyer van Randburg na Potchefstroom-Die Bult as medeleraar.
- Ds. AN du Plessis van Postmasburg na Gobabis.
- Ds. W Viljoen van Toowoomba Christelike Gereformeerde Kerk in Australië na Vaalpark.

BEROEPE BEDANK

- Ds. JA Berg van Vaalwater na Vryheid.
- Ds. CA Jansen van Secunda na Pietersburg-Suid.
- Ds. JC van Dyk van Ventersdorp na Kuruman.
- Ds. HC van Rooy van Randburg na Durban-Noord.

OORLEDE

Met leedwese maak ons bekend die afsterwe van ds. H (Hennie) van der Bijl, emerituspredikant van die Gereformeerde Kerk Benoni op 12 April 2012.



GEMEENTE-AKSIE 20 & 21 APRIL 2012

ONTDEK - JOU - GAWES-KURSUS

Nog 'n geleentheid om jou geestesgawes te ontdek, word by die kerk aangebied en almal word hartlik uitgenooi om hieraan mee te doen.

Datum: *Vrydagaand 20 April en Saterdagoggend 21 April 2012.*

Tyd: Vrydagaand om **18:00**, waarna ons saam bring-en-braai en gesellig verkeer.

Saterdagoggend **8:30 tot 13:00**.

Plek: Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord


BELANGSTELLENDEN WORD GEVRA OM HUL NAME OP DIE LYS IN DIE VOORPORTAAL OF IN DIE KONSISTORIE NEER TE SKRYF.



4

SIMBAAL 15 April 2012

KOLLEKTES			
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure	
15 April	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma	
22 April	Barmhartigheid	Teologiese Skool Biblioteek	
29 April	Barmhartigheid	Teologiese Pro Ecclesia-fonds	
GEMEENTEPROGRAM			
Sondag 15 April tot Saterdag 21 April 2012			
Sondag 15 April	Oggenddiens	09:30-10:30	
Sondag 15 April	Katkiësasie les 8	10:30-11:00	
Sondag 15 April	Aanddiens	18:00-19:00	
Sondag 15 April	Bybelstudie Konsistorie	19:00-20:00	
TEESKINKBEURTE			
Sondag 15 April 2012	Wyke 17 & 18		
Sondag 22 April 2012	Wyke 19 & 20		
Sondag 29 April 2012	Wyke 21 & 22		
VERJAARDAE			
15 April 2012 tot 21 April 2012			
15 April	Marius Coetzee	<i>Wyk 23</i>	018-468-6319
16 April	Frans Scheepers	<i>Wyk 06</i>	073-427-1550
19 April	Johanna Conradie	<i>Wyk 21</i>	082-667-8204
19 April	Riekie Lindeque	<i>Wyk 27</i>	082-946-0812
Van harte geluk, al die lidmate wat in die loop van hierdie week verjaar. Mag dit vir u 'n vreugdevolle dag wees en 'n geseënde nuwe lewensjaar.			



- ◆ Daarin skuil die heerlikheid van die geloof om elke nag jou ter ruste te lê asof die Here Jesus in die nag sal terugkom en tog in stille gehoorsaamheid elke môre weer met jou taak te begin asof die Here nooit kom nie.
- ◆ By die spot van Simson in Dagon se tempel is Christus al ooggetuie dat ook Hy met bewende riet in die hand, gespot sal word in die agterplaas van Pontius Pilatus.
- ◆ Waarlik, in die oordeelsdag sal ons nie geoordeel word na wat ons gelees het nie, maar wat ons gedoen het; nie op hoe mooi ons gepraat het nie, maar hoe godsdienstig ons gelewe het.

SIMBAAL 15 April 2012

5.

ONS Sê DANKIE

"Liewe Ooms en Tannies van Klerksdorp-Noord Gereformeerde Kerk:
Baie dankie vir die lekker naweek. Alles daar was **NOMMER EEN!** Ons het dit vreeslik geniet. Maar veral die takbokke wat in die aand kom kuier het.
Baie liefde,
Christopher (8) en Anthony (5)"

Dis een van die pak dankiesê-briefies wat ons ontvang het van die Bonsai-groepie, President Kruger Kinderhuis, Pretoria, na hul besoek in Maart.
Kyk gerus in die vierkant waar al die briefies opgeplak is.



LIEF EN LEED



- ◆ Ons hartlike gelukwense gaan aan ***Jan en Elsa van Heerden*** wat 'n kleinkind ryker geword het op 27 Maart 2012. Mag die jongeling 'n vreugde vir almal wees.
(Wyk 27 ☎ 018-468-4647)
- ◆ ***Pieter Aucamp*** het Donderdag 'n klein operasie in Potchefstroom. ondergaan 'n Gedeelte van die skildklier is verwyder omdat daar 'n gewas gegroei het. Dit lyk darem nie of dit kwaadaardig is nie. Vinnige beterskap en herstel word jou toegewens. (Wyk 15 ☎ 076-111-7111)

◇ Ons is dankbaar dat beide **Larrie de Lang** (☎ 018-468-1538) **en Tienie Botha** (☎ 018-468-4930) se gesondheid baie verbeter het.

◇ **Br. Jan Viljoen** se suster is in Namibië oorlede. Ontvang die meegevoel van die hele gemeente vir uself en ook vir die familie. (Wyk 25 ☎ 018-468-8659)

